

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (25/16) (Volg my Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 1 Julie 2016

“Great minds discuss ideas. Average minds discuss events. Small minds discuss people”

Eleanor Roosevelt

“BREXIT” IMPAK OP DIE SUIDER-AFRIKA SE SITRUSBEDRYF

Die impak van die besluit van die VK om nie meer deel van die Europese Unie te wees nie sal nog gesien moet word en die gevolge (goeie en slegte) sal nog vir jare 'n effek hê – wat dit 'n baie komplekse situasie maak. Volgens die EU se inligtingssessie oor Artikel 50, kan die proses om die Unie te verlaat tot twee jaar duur, op die kort termyn gaan daar waarskynlik min verandering wees. Brexit het baie uit hul gemaksone geruk en het mense die wêreld soos ons dit ken, laat bevraagteken. Politieke ontleders voorspel 'n opskudding regdeur die EU.

- Op die lang termyn sal die impak van 'n suiwer Suid-Afrikaanse sitrus handelsperspektief die volgende insluit: Op die oomblik is die VK se plantgesondheidsregulasies dieselfde as dié van die EU, aangesien dit in 1992 geharmoniseer is. Toelatingsvereistes vir sitrus wat van suider-Afrika na die VK verskeep word is dieselfde as die toelatingsvereistes vir sitrus wat na die ander Europese lidlande van die Europese Unie verskeep word.
- 'n Onafhanklike VK sal in alle waarskynlikheid sy eie plantgesondheidsregulasies instel - of ten minste daardie regulasies verwyder of herroep wat geen impak op die VK het nie. Die VK het nie enige sitrus nie, plantgesondheidsregulasies op sitrusinvoere moet dus makliker wees om aan te voldoen as die huidige EU-regulasies. Dit alleen sal 'n beduidende hupstoot vir Suider-Afrika se sitrusbedryf wees. Ons hoop dat hierdie veranderinge eerder vroeër as later sal geskied.
- Die VK sal ook nodig hê om nuwe handelsoverhandelinge met lande van Suider-Afrika ten opsigte van handelsvoorkeure en tariewe aan te gaan. Tans word handel tussen die EU en Suid-Afrika onder die “Trade and Development Cooperation Agreement (TDCA)” gedoen en die “Economic Partnership Agreement (EPA)” wat onlangs gesluit is. Omdat sitrus nie 'n sensitiewe produk is met betrekking tot die beskerming van plaaslike produsente nie, kan dit verwag word dat die VK tariewe vir Suider-Afrikaanse sitrus sou verminder. Dit sou beteken dat VK burgers potensieel uitstekende gehalte van Suider-Afrika se sitrus teen selfs laer pryse kan geniet.
- Die VK hoef nie langer staat te maak op die EU se adviserende rade en wetenskaplike instellings in die neem van besluite oor plantgesondheid en voedselveiligheidsregulasies nie. Die VK sal staatmaak op hul eie wetenskaplikes om die risiko te evalueer en raad oor regulasies te gee.
- Die verswakking van die Britse pond teenoor die Amerikaanse \$ na aanleiding van die “Brexit” besluit sal beteken dat ingevoerde produkte duurder in die VK is - dit kan die vraag na hierdie produkte verminder. Interessant is dat die Rand/VK Pond wisselkoers nie beduidend verander het nie. Dit sal interessant wees om te sien of die geldeenheid herstel.

Statistiek wat onlangs deur Freshfel vrygestel is, toon dat Suid-Afrikaanse vrugte en groente in die derde plek is, in terme van invoere deur die VK en in terme van waarde (510 miljoen Euro's) – na Spanje (1,6 miljoen Euro) en Nederland (886 miljoen Euro). Die sitrus wat deur die VK ingevoer word maak ook baie staat op Suider-Afrika – dit verskaf 36% van ingevoerde pomelo's, 27% van ingevoerde lemoene, 19% van ingevoerde sagte sitrus en 11% van die suurlimoene. Suid-Afrika het 'n dominante posisie onder die suidelike halfrond verskaffers aan die VK.

As daar na die EU se invoere gekyk word - 22% van Suider-Afrika se uitvoere gaan direk na die VK, met 78% deur die Europese vasteland se hawens.

Vir meer as honderd plus jaar, was die VK die grootste invoerder van suider-Afrika se sitrus (neem ongeveer 10% van die totale sitrusuitvoere). Brexit moet 'n normalisering van sitrushandel tussen Suider-Afrika en die VK vry van proteksionisme, tariewe en tegniese struikelblokke vir handel, sien.

GEPAK EN VERSKEEP

Tot einde Week 24/6/16 Miljoen 15 Kg Kartonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Aanvanklike Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak
BRON: PPECB/AGRIHUB	2014	2015	2016	2015	2016	2016	2016	2015
Pomelo's	13.5 m	13 m	11 m	9.6 m	8 m	12.4 m	12.1 m	16.1 m
Sagte Sitrus	6.7 m	6.2 m	7.3 m	5 m	6.3 m	11.2 m	11.4 m	10 m
Suurlimoene	9.1 m	9.7 m	9.9 m	8.3 m	8.9 m	16.1 m	16.1 m	15.1 m
Nawels	13.6 m	13.8 m	15.8 m	9 m	12.2 m	25.1 m	22.5 m	24.5 m
Valencias	4.5 m	4.6 m	4.2 m	0.7 m	1.2 m	46.4 m	46.4 m	52.7 m
Totaal	49.2 m	47.5 m	48.2 m	32.6 m	36.6 m	111.2 m	108.5 m	118.3 m